


Die Geneesheer en die Reg – Prof AA Stulting



Prof AA Stulting

MBChB (Pret) MMed (Ophth) (Pret)
FCOphth
Dept Oftalmologie
UOVS
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Curriculum vitae

Andries Andriessen Stulting het in 1973 as geneesheer aan die Universiteit van Pretoria gekwalifiseer. Hy behaal die graad M Med (Oftalmologie) met lof aan dieselfde Universiteit in 1981. Sedert Mei 1982 is hy hoof van die Departement van Oftalmologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Hy is lid van verskeie nasionale en internasionale verenigings. Tans is hy die President van die Oftalmologiese Vereniging van Suid-Afrika. Hy is 'n assessorlid van die Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika asook van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy het 93 voordragte gelewer en het 22 publikasies tot sy krediet. Hy is reeds drie keer aangewys as die beste kliniese lektor aan die Fakulteit van Geneeskunde aan die Vrystaatse Universiteit. Hy is 'n bekende gesig by kongresse en groepsbesprekings vir die Algemene Praktisyn en het reeds by verskeie geleenthede die volgende stelling gemaak: "Die huisarts verdien 'n ereplek in die gesondheidspan aangesien die huisarts die ruggraat van geneeskunde in Suid-Afrika is." Hy is getroud en het twee dogters. Sy stokperdjies sluit lees, skryf en fotografie in. Hy reis graag en is 'n geesdriftige versamelaar van munte en teelepels.

Referaat gelewer by die 7de Algemene Praktisynskongres

Summary

In a humouristic way the author highlights important aspects which the doctor need to remember to keep him out of court and out of jail.

S Afr Fam Pract 1990; 11: 593-8

KEYWORDS:

Physicians, family;
Jurisprudence

Lord Denning het die volgende gesê:

*"Medical science has conferred great benefits on mankind, but these benefits are attended by considerable risks. We cannot take the benefits without taking the risks."*¹

Die volgende eise word dikwels teen

geneesheer ingestel:

1. Die onvermoë om 'n siektetoestand te diagnoseer.²
2. Nalatigheid in die tegniese aspekte van chirurgie.
3. Nalatigheid in die postoperatiewe versorging van die pasiënt, byvoorbeeld nalatigheid in die behandeling van infeksies of die ontoepaslike gebruik van geneesmiddels.^{3,4}


Die volgende dele word behandel:

Deel 1: Hoe om uit die hof te bly

Deel 2: In die hof: hoe om uit die tronk te bly

Deel 1: Hoe om uit die hof te bly (Afbeelding 1)

Die geneesheer moet die volgende onthou indien hy of sy vervolging deur die gereg wil voorkom:



Afbeelding 1. Hoe om uit die hof te bly.

... Die Geneesheer en die Reg

1. *Hou goeie mediese notas.*
2. Daar moet *goeie kommunikasie* tussen die geneesheer en sy pasiënt bestaan.
3. Dit is van die uiterste belang om te onthou dat die geneesheer *ingeligte toestemming* van die pasiënt moet verkry voordat enige prosedure op die pasiënt uitgevoer mag word.
4. Die geneesheer het sekere *verantwoordelikhede in die teater.*
5. Die geneesheer het ook sekere *verantwoordelikhede wanneer hy of sy 'n pasiënt uit die hospitaal ontslaan.*

1. *Goeie Mediese Notas*

Alhoewel daar geen wet in Suid-Afrika bestaan wat 'n geneesheer in privaatpraktyk verplig om goeie notas te hou nie, is dit van die allergrootste belang vir elke geneesheer om ordentlike notas van elke pasiënt te

Die noodsaaklikheid van goeie notas kan nie oorskat word nie

hou.⁵ Hierdie notas moet die volgende inligting bevat:

- die *datums* van alle vorige besoeke, asook die datums van afspraak wat gemaak is, maar nie nagekom is nie,
- telefoonoproep,
- die *subjektiewe klagtes* van die pasiënt
- die *objektiewe kliniese bevindings* van die geneesheer,
- die uitslae van *spesiale ondersoek* soos laboratoriumtoetse, X-strale,

rekenaartomografiese ondersoeke, ensovoorts.

Die geneesheer moet alle redelike metodes volg om 'n *diagnose* te maak voordat terapie begin word. Die *diagnose* en *behandeling* van die pasiënt moet gedokumenteer word.

Die *advies* wat aan die pasiënt gegee word, sowel as die *houding* van die

Onvolledige of onbeskikbare notas wek net suspisie

pasiënt moet ook aangestip word. Indien 'n pasiënt nie sy voorgestelde behandeling sou volg nie, moet dit ook gedokumenteer word.

Die belang van goeie notas kan nie oorskat word nie!

Behalwe vir die feit dat die geneesheer goeie notas moet hê om die vordering van sy pasiënt te monitor, mag hierdie notas van onskatbare waarde word wanneer die geneesheer 'n eis teen hom of haar sou kry.⁵ Wanneer notas onvolledig is of nie beskikbaar is nie, word suspisies gewek wat die verdediging groot skade mag berokken.

Dit is belangrik om die volgende te onthou:

- *Die geneesheer besit die eksklusiewe reg oor die mediese notas van sy pasiënt.*
- *Die pasiënt het toegang tot sy notas alleen nadat die hofprosedure reeds aan die gang gesit is.*
- *'n Pasiënt se mediese notas mag nie na 'n ander geneesheer gestuur word*

sonder dat die pasiënt toestemming gegee het nie.

- *Die geneesheer mag ook nooit die oorspronklike kopie van sy notas weggee nie!*
- *Indien 'n prokureur die geneesheer skakel om inligting oor 'n pasiënt te bekom, moet dit nie beskikbaar gestel word nie.* Dit mag ammunisie wees wat later in getuienis teen die geneesheer gebruik mag word.

Dit is tot 'n mate gerusstellend dat die hofprosedure in Suid-Afrika binne 3 jaar nadat die insident plaasgevind het, aanhangig gemaak moet word.⁶ Mediese notas moet dus vir *ten minste 3 jaar gehou word*, (sekere persone voel 'n 10 jaar periode is veiliger), maar waar behandeling van 'n *voortdurende aard* is, behoort notas nooit vernietig te word nie, omdat die vorige notas van waarde mag wees.

- *Afspraakboeke moet vir hierdie selfde periode gehou word.*
- *Die pasiënt se mediese notas mag die eerste linie van verdediging teen vervolging ten opsigte van wanpraktyk wees.⁷*

Behou altyd die oorspronklike kopie van mediese notas

2. *Goeie Kommunikasie*

Daar moet *goeie kommunikasie* tussen die geneesheer en sy of haar pasiënt wees.

Dit wil voorkom of baie eise teen

... Die Geneesheer en die Reg

geneesheer ontstaan as gevolg van die ontbreking van effektiewe kommunikasie tussen die geneesheer en die pasiënt.⁸ Laasgenoemde, wat sy geneesheer as 'n traak-my-nie-agtige persoon opsom wat ongevoelig is teenoor sy (die pasiënt se) gevoelens, en iemand wat te besig is om na die klagtes van die pasiënt te luister, is 'n moontlike eisinsteller!

Geen inligting oor die pasiënt mag beskikbaar gestel word nie, veral nie aan 'n prokureur nie

- *Die geneesheer moet self met sy of haar pasiënt praat.* Hierdie gesprek help om die geneesheer-pasiënt verhouding te versterk en ook om die pasiënt se vertroue in sy of haar dokter te laat toeneem. Gebrekkige kommunikasie is nie slegs beperk tot dokters in die privaatpraktyk nie. Die kliniese las in hospitale word meer en meer, en dokters praat minder en minder met hul pasiënte. *Die geneesheer mag nooit vergeet om met sy pasiënte te praat nie!*

- *Die geneesheer moet baie versigtig wees wat hy of sy aan die pasiënt sê.*

- *Die geneesheer moet nooit enigiets aan die pasiënt sê wat mag dui op die erkenning van 'n fout nie!*¹

Die dokter moet nooit aan 'n pasiënt sê: "Ag, as ek maar net..."

Alhoewel die geneesheer *altyd eerlik* met sy of haar pasiënt moet wees in verband met flaters wat gedurende

sy behandeling mag voorgekom het, moet die geneesheer altyd onthou dat hierdie gesprekke eendag by hom of haar kan kom spook!⁸ Die pasiënt moet altyd oor die *feite* ingelig word maar moet nooit aan verskonings of spekulasie blootgestel word nie. Baie eise is al teen geneesheer ingestel waar die pasiënt vroeër deur 'n ander dokter gesien is en die tweede dokter die eerste dokter se behandeling gekritiseer het.

- *Die geneesheer moet liefies nie 'n oor-entoesiastiese prognose aan die pasiënt gee nie.*

Conrad Behrens het die volgende goeie advies gegee:

*"Find a way to reassure every patient... Make patients feel better when they leave than they did when they came."*⁹

- *Indien die pasiënt nie na wense met sy behandeling vorder nie of wanneer die pasiënt ongelukkig voel of aanhou kla, of indien die houding van die familie ontvredenheid uitstraal, behoort die geneesheer op 'n tweede opinie aan te dring.*

Die volgende moet onthou word tydens die telefoongesprek:

- Wees altyd hoflik.

- Maak 'n nota van die telefoongesprek. Dokters is gewoonlik te besig om notas van alle telefoongesprekke te maak, maar die regsmense voel baie sterk hieroor.

- Die geneesheer moet altyd onthou dat dit gevaarlik is om 'n diagnose oor die telefoon te maak of om medisyne oor die telefoon voor te skryf.

- Indien 'n pasiënt telefonies sy notas versoek, moet die geneesheer eers op 'n skriftelike nota aandring.⁵

3. *Ingeligte toestemming*

Toestemming is een van die belangrikste beginsels waarmee 'n geneesheer in sy mediese praktyk te kampe mag kry. Sonder toestemming mag 'n geneesheer geen ondersoek, behandeling, operasie of prosedure uitvoer nie.

Ingeligte toestemming impliseer dat die pasiënt ten volle verstaan wat met hom of haar gaan gebeur. Die feite van die saak moet duidelik en in verstaanbare taal oorgedra word. In Suid-Afrika het ons 'n taalprobleem en dit mag in die toekoms 'n belangrike rol in eise speel. In die VSA is daar 'n tolk vir elke moontlike taal in baie van die hospitale beskikbaar. Dit is belangrik om daarop te let dat slegs die *tipiese risiko's* aan die pasiënt oorgedra moet word.¹⁰ In Duitsland word 'n 7% risiko as tipies beskou. Dit beteken

Praat direk en eerlik met die pasiënt

dus dat enige komplikasie wat meer as 7 uit 100 kere sou voorkom, aan die pasiënt genoem moet word. In Amerika is hierdie syfer ongeveer 1,5%.

In die hof sal die deskundige getuie gepra word of die "redelike" geneesheer 'n pasiënt sou ingelig het in verband met daardie besondere risiko. Indien wel, moet daardie risiko as "tipies" beskou word.

... Die Geneesheer en die Reg

Goue reël: Dit is beter om aan 'n pasiënt te verduidelik voordat 'n prosedure uitgevoer word as daarna!

4. Verantwoordelikhede van die Geneesheer in die Teater

- Die pasiënt moet altyd identifiseer word.
- Maak altyd seker dat die korrekte kant van die pasiënt opereer word.
- Die apparaat in die teater moet altyd voor die operasie nagegaan word.

Die narkotiseur gaan roetinegeweur sy lysie, maar doen die chirurg dit ook?

5. Verantwoordelikhede van die geneesheer tydens ontslag van die pasiënt

- Die geneesheer moet seker maak

dat die pasiënt sy voorskrif gekry het voordat hy of sy uit die hospitaal ontslaan word.

- Daar moet baie duidelik aan die pasiënt gesê word wanneer die geneesheer die pasiënt weer wil sien, sodat 'n opvolgafspraak gemaak kan word.
- Die geneesheer moet sy pasiënte verwittig van enige tye van afwesigheid van die praktyk en daar moet gereël word vir 'n gekwalifiseerde plaasvervanger.
- Die pasiënt mag nooit verwerp voel nie! Voorkoming bly nog steeds die beste beskerming teen vervolging!¹

Deel 2: In die hof: hoe om uit die tronk te bly. (Afbeelding 2)

Dit is van belang om die volgende aanhaling te onthou:

"A court of law may be the workroom for the attorney, but it is the torture chamber for the doctor."

Lombardi

Geneesheer en advokate dink net nie altyd dieselfde nie! Die advokaat aan elke kant probeer om die feite wat sy of haar kliënt se saak steun, uit te lig, terwyl hulle die feite van die teenoor-gestelde party dikwels minder belangrik laat voorkom.

Die geneesheer, daarenteen, probeer al die feite van die saak bymekaar sit om die korrekte diagnose te maak sodat die korrekte behandeling toegepas kan word.

"The only certain thing in litigation is that the outcome is uncertain."

Southwood

Die geneesheer mag gevra word om as deskundige getuie of aangeklaagde in die hof te verskyn.

A. Die Deskundige Getuie

Dit is belangrik om die volgende te onthou:

- Verfris u geheue in verband met die saak.
- Advokate is bekend daarvoor dat hulle baie goed vir enige hofsaaik voorberei. Daar mag selfs mediese artikels deur die advokate gelees word wat die geneesheer nie gedoen het nie!
- Neem inligting soos plakkate en boeke saam na die hofsaaik.

Die geneesheer mag nie die opinie van 'n skrywer as getuieenis gee nie, maar mag die volgende sê: "My opinie word ook weergegee deur so en so in boek so en so op bladsy so en so."



Afbeelding 2. Hoe om uit die tronk te bly.

... Die Geneesheer en die Reg

Op hierdie manier word die skrywer se opinie die geneesheer s'n gemaak en dit versterk laasgenoemde se getuienis.

- *Die getuie moet soos 'n dokter lyk en optree!* Die voorkoms en klere van die deskundige getuie is baie belangrik. Iemand het die volgende gesê:

"Merit has nothing to do with victory in the court room... it's a contest of images."

- *Moenie 'n partydige getuie wees nie!*

Die geneesheer moet sy of haar kennis aanpas by die kliniese beeld van die pasiënt wat op daardie stadium onder bespreking is.

- *Dit is baie belangrik dat die geneesheer in sy eie huistaal moet praat.* Die woorde "moontlik" en "waarskynlik" het al baie dokters laat kleitrap in die hofsaal.

Moontlik beteken omtrent 1-50%
Waarskynlik beteken omtrent 51-99%

- *Moenie bang wees om te sê:* "Ek weet nie."
- *Sê duidelik wanneer die vraag nie net uit 'n "ja" of "nee" antwoord bestaan nie.*

- *Wanneer die geneesheer 'n belangrike punt wil maak, moet hy of sy sê:*

"Ek wil graag die volgende herhaal of onderstreep..."

- *Vertroulike inligting is slegs vertroulik totdat die geneesheer in die hof verskyn.*

Die geneesheer mag gevra word om getuienis te lewer oor iets wat hy of sy as vertroulike inligting



Afbeelding 3. Behandel die regter met respek.

beskou. Mediese etiek vereis dat die dokter sodanige inligting slegs *onder protes* sal verskaf. Die dokter moet egter op so 'n wyse protesteer dat die waardigheid van die hof nie aangetas word nie. Wanneer dit egter in die hof sou uitkom dat die dokter iets geweet het maar versuim het om dit aan die hof te noem, mag die deskundige getuie aangekla word!

B. Die Aangeklaagde Dokter

- Die geneesheer moet onder geen omstandighede *persoonlik* antwoord op 'n brief wat van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad ontvang is en waarin die geneesheer gevra word om 'n verduideliking te verskaf in verband met 'n saak waarin die geneesheer betrokke was nie! Wanneer so 'n brief ontvang word, is die geneesheer dikwels

kwaad, teleurgesteld, gefrustreerd, ensovoorts. Indien die dokter in so 'n toestand 'n brief sou skryf, mag hy of sy die saak net daar verloor, of dit mag as getuienis teen hom of haar gebruik word. Die "Medical Protection Society" of die "Medical Defence Union" moet dadelik gekontak word en hulle sal deskundige raad aan die geneesheer gee hoe om die brief van die SAGTR te beantwoord.

Wanneer die geneesheer ingelig word dat 'n saak teen hom of haar aanhangig gemaak is, is dit van die allergrootste belang om die volgende te onthou:

- *Moenie iets vir u prokureur of advokaat wegsteek nie.* Hoe kan die geneesheer verwag om sy saak te wen indien die mense wat hom wil help nie oor al die feite van die saak beskik nie?

... Die Geneesheer en die Reg

- *Moenie notas fabriseer nie.*
- *Die regter moet behandel word net soos die dokter 'n groep eerstejaar mediese studente behandel waarvan hy of sy regtig hou! (Afbeelding 3)*
- *Die geneesheer moet homself in die hofsaal wees!*
- *Luister altyd aandagtig na die vraag! Wees altyd wawyd wakker in die laaste paar minute voor die einde van die dag of net voor middagete, omdat dit die tyd is wanneer die advokaat van die klaer graag 'n erkenning van u wil verkry!*

Die prokureur sal sê: "Ons moet nou gaan, maar sê net vinnig..."

- *Antwoord altyd die vraag!*

Advokate het baie truuks! Hulle mag die volgende vraag vra: "Maar dokter, hoe kan u so goed onthou? Dit het vier jaar gelede gebeur!"
Moet tog nie die volgende sê nie: "Ek is een van daardie mediese studente wat my studies voltooi het. Ek is nie een van daardie mediese studente wat nie my studies kon voltooi nie, en toe maar regte moes loop nie!"

Antwoord eerder as volg: "Ek onthou die gebeure baie goed omdat dit my gewone werkswyse is om dinge op daardie spesifieke wyse te doen. Ek het deur my notas gegaan om my geheue te verfris, omdat ek graag al die feite omtrent hierdie geval wou onthou, omdat ek nog steeds nie verdien om op so 'n wyse vervolg te word nie."

- *Die geneesheer mag nooit kwaad word nie!*

Wanneer die geneesheer kwaad

word, word hy of sy irrasioneel en dan sal daar nie helder gedink kan word nie!

*"May you have the hindsight to know where you've been
 the foresight to know where you're going,
 and the insight to know when you're going too far"*

An Irish Toast

Bibliografie

1. Carstens PA. S Afr Med J 1988; 74(20): 14
2. Tashima A, Moore G. Negligent diagnoses of eye disease. American Jurisprudence: Proof of Facts 1981; 25: 657-84.
3. Bettman JW. Special problems in ophthalmic subspecialties. Ophthalmol 1979; 86: 1246-52.
4. Fox KR. Ophthalmology practice and court law. Case and Comment 1982; 87: 38-42.
5. Strauss SA. Doctor, patient and the law. JL van Schaik (Pty) Ltd, 1980; 70-72.
6. Prescription Act 68 van 1969, s 11 (d).
7. Ficarra BJ. Surgical and Allied Malpractice 1968; 610.
8. Jacobson HL, Tucker RD. Arch Ophthalmol 1985; 103: 1793-4.
9. Byron HM. Audio-Digest Ophthalmology 1986; 24(10): 22.
10. Verschoor T. Regsfakulteit, UOVS: Persoonlike mededeling.
11. Russman BA. Editorial: Shall we kill all the lawyers? Arch Ophthalmol 1985; 103: 1791.